
# AFRIKAANS KREATIEWE SKRYFPROJEK: KWARTAAL 3

## LEERDER PORTEFEULJE




| | |
|---|---|
| Naam en van | |
| Graad HT/EAT | |
| Onderwerp | |
| Datum | |
| Tydsduur | 4 weke |
| Eksaminator | |
| Moderator | |

| GR. 4 | FASE 1 Navorsing | FASE 2 Skryf | FASE 3 Mondeling | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| Inhandigingsdatum | | | | |
| Leerder se punt | /10 | /30 | / 20 | /60 |
| Skedules | ___ /40 (Kwartaal 3) | | ___ /20 (Kwartaal 4) | |

*Afhangende van die leerders se lees- en begripsvlak, kan die onderwyser self kies watter onderwerpe geskik gaan wees vir watter vlakke (Huistaal of Eerste Addisionele Taal). Sien ook die Gr. 5-projek se onderwerpe wat meer uitdagend is.*

LETTERKUNDE GENRE: Novelle/Jeugroman (Avontuurverhaal)

*'n Novelle is langer as 'n kortverhaal, maar korter as 'n roman. Jeugromans is romans wat spesifiek vir jonger lesers (Gr. 4-12) geskryf word. 'n Jeugroman is korter as 'n gewone roman, maar handel ook oor denkbeeldige karakters of gebeure. Die belangrikste elemente van 'n jeugroman is die karakters, tyd, ruimte, gebeure en verteller. Die manier waarop die gebeure in 'n jeugroman gerangskik word, lei tot die intrige of plot.*

Doen navorsing oor EEN van die volgende onderwerpe nadat *Die Emmerskoplys* in die klas gelees is. Jy gaan met dieselfde onderwerp tot aan die einde van jou projek werk. Omkring jou keuse A, B of C.

Gr. 4

A. Vervoermiddels
B. Dolfyne
C. Mosambiek

HIERDIE PROJEK BESTAAN UIT 3 FASES:

1. Navorsing (10 punte)
2. Skryf (30 punte)
3. Mondelinge aanbieding (20 punte)



*Bron: Illustrasie deur Johann Strauss*



# FASE 1: Navorsing (10 punte)

## PROJEK:

Doen navorsing oor een van die onderwerpe op bladsy 2.

Volg die volgende stappe:

1. Definieer die inligting wat benodig word.
2. Vind die betrokke bronne deur navorsing in jou handboek, die plaaslike biblioteek of die gebruik van die internet.
3. Selekteer die nodige en relevante bronne.
4. Beplan die projek deur die gebruik van 'n vloeidiagram, tabelle of ander gepaste beplanning.
5. Stel 'n bibliografie/bronnelys saam.
6. Hou ook ingedagte dat jy die hipotese moet bewys.
7. Maak tydens jou navorsing 'n plakkaat wat jy as hulpmiddel vir jou mondelinge aanbieding kan gebruik.

### Wat is 'n hipotese?

'n Hipotese is 'n slim raai oor wat jy dink gaan gebeur of reg is, en jy kan dit toets of navors om te sien of die stelling korrek is.

Navorsingsvrae moet op die volgende fokus:

- Watter inligting moet deur hierdie navorsing gevind word?
- Watter vrae moet beantwoord word?

## HIPOTESE:

**Bewys met jou navorsing of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Motiveer indien dit ONWAAR is.**

A: Lugballonne is voor vliegtuie ontwikkel.

B: Dolfyne haal, soos visse, asem deur kieue.

C. Mosambiek se amptelike landstaal is Portugees.

# DOEN NAVORSING OOR EEN VAN DIE VOLGENDE ONDERWERPE:

A. Die geskiedenis van enige een van die VERVOERMIDDELS wat in die verhaal voorkom. (Tydlyn)



OF

B. Dolfyne (Plakkaat)
*(Raadpleeg ook "Die Emmerskoplys" op bl. 65-67 vir meer inligting.)*

OF

*Bron: Illustrasie deur Johann Strauss*

C. Mosambiek (Plakkaat) *(Raadpleeg ook ook "Die Emmerskoplys" op bl. 51-61 vir meer inligting.)*

**Waarvoor samel ek inligting in? Omkring:**

TYDLYN TYDKAPSULE VIDEO TOESPRAAK INLIGTING PLAKKAAT VOORBEELDITEMS

OMKRING DIE **ONDERWERP** WAAROOR JY NAVORSING GAAN DOEN:

A. DIE GESKIEDENIS VAN VERVOERMIDDELS (Kies een)

- lugballonne
- valskerms
- vliegtuie
- vragmotors
- bote
- helikopters
- poegies

OF

B. DOLFYNE
C. MOSAMBIEK

Hoe om kinders te help om navorsingsvaardighede te ontwikkel:

https://www.youtube.com/watch?v=xqKuTW6EWsg

OMKRING DIE **BRONNE** WAT JY GEBRUIK:

Onthou om die inligting in jou eie woorde op te som. Waak teen plagiaat!


- **Boeke**
  Titels:
  ____________________
  ____________________
  ____________________
- **Internet**
  Webadresse:
  ____________________
  ____________________
  ____________________
  ____________________
- **Chat GPT**
  ____________________
- **Onderhoude met:**
  ____________________
  ____________________
- **Ander bronne:**
  ____________________
  ____________________

KIES EEN VAN DIE VOLGENDE OM JOU INLIGTING TE ORGANISEER:


A. TYDLYN: Die ontwikkeling van ______________________(voertuig).



B. BREINKAART: Dolfyne



C. BREINKAART: Mosambiek




Was die stelling in jou hipotese WAAR of ONWAAR? Motiveer.

______________________________

________________________________________________________________________________

**BIBLIOGRAFIE:**

| Titel van boek | Outeur | Jaar | Uitgewer | Plek van uitgawe |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| Webtuiste https/… | | | | Datum gelees |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| Ander bronne: | | | | |


Maak gou seker of jy al jou navorsing korrek voltooi het voordat jy dit inhandig:

| No. | INTERMEDIÊRE FASE NAVORSINGSKONTROLELYS (Voorbeeld) | | ✔ |
|---|---|---|---|
| NAAM: | GRAAD: | | |
| 1 | Ek het n verskeidenheid bronne gebruik | | |
| 2 | Ek het belangrike inligting gelees en uitgelig | | |
| 3 | My inligting is goed georganiseer en ek het my eie woorde gebruik | | |
| 4 | Ek het die inligting aan die hipotese gekoppel en op die navorsingsvraag gereageer | | |
| 5 | Ek het 'n bibliografie ingesluit | | |
| 6 | My bevindinge korreleer duidelik met die onderwerp/taak | | |
| 7 | Ek het my navorsing betyds voltooi en ingedien | | |
| KOMMENTAAR: | | HANDTEKENING: | Datum: |

*Vir die onderwyser:*

| VOORBEELD RUBRIEK: NAVORSING (Intermediêre Fase) Beskrywings | | | | |
|---|---|---|---|---|
| TOTAAL: 20 /2 = 10 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| Taalgebruik | Leerder toon uitstekende gebruik van woordeskat, korrekte sinstruktuur; taalgebruik hoofsaaklik korrek. Korrekte spelling en leestekens. | Leerder toon 'n wye verskeidenheid woordeskat, meestal korrekte sinstruktuur en taalsgebruik, spelling en leestekens. | Leerder toon beperkte gebruik van woordeskat, oor die algemeen korrekte sinstruktuur en taalsgebruik, spelling en leestekens. | Leerder toon swak gebruik van woordeskat, verkeerde sinstruktuur en taalsgebruik, spelling en leestekens. |
| | 4 | 3 | 2 | 1 |
| Opsporing, toegang tot inligting, bewyse van 'n bibliografie | Leerder is in staat om 'n aantal verskillende tipes media op te spoor en toegang daartoe te verkry. 'n Volledige bibliografie word verskaf. | Leerder is in staat om inligting onafhanklik op te spoor en toegang daartoe te verkry. 'n Bibliografie word verskaf. | Leerder is in staat om 'n beperkte hoeveelheid inligting op te spoor. 'n Bibliografie word verskaf. | Leerder is nie in staat om inligting onafhanklik op te spoor en toegang daartoe te verkry nie. Geen 'n bibliografie word verskaf nie. |
| | 4 | 3 | 2 | 1 |
| Akkuraatheid en relevansie van geselekteerde inligting | Leerder is in staat om inligting te kies wat 'n hoë mate van akkuraatheid en relevansie vertoon | . Leerder is in staat om inligting te kies wat 'n akkuraatheid en relevansie vertoon.. | Leerder is in staat om inligting te kies wat beperkte akkuraatheid en relevansie vertoon. | Inligting is onakkuraat en irrelevant |
| | 4 | 3 | 2 | 1 |
| Organisering van inligting en ontwikkeling van argumente | Leerder is in staat om inligting te sintetiseer/integreer wat 'n hoë mate van samehang en logiese ontwikkeling van 'n beredeneerde argument toon. | . Leerder is in staat om inligting te sintetiseer/integreer wat koherensie en logiese ontwikkeling van 'n beredeneerde argument toon. | Leerder is in staat om 'n produk te produseer wat sintese van inligting toon, maar nie altyd samehangend en logies is nie. Die argument word nie altyd beredeneer nie. | Leerder kan geen inligting verskaf nie. Die produk is Onsamehangend en onlogies, sonder 'n beredeneerde argument. |
| | 4 | 3 | 2 | 1 |
| Aanbieding van resultate/bevindings | Leerder is in staat om resultate op 'n baie duidelike, gestruktureerde en bondige wyse aan te bied deur 'n verskeidenheid toepaslike formate te gebruik. | Leerder is in staat om resultate op 'n duidelike, redelik gestruktureerde en bondige wyse aan te bied deur verskillende formate te gebruik. | Leerder is in staat om die resultate in 'n beperkte aantal formate aan te bied, maar duidelikheid en struktuur is swak. | Leerder is nie in staat om die resultate op 'n gestruktureerde of logiese wyse aan te bied nie. |
| KOMMENTAAR | PUNT: | HANDTEKENING: | DATUM: | |

*Bron: DBO Handleiding_Kreatiewe_Skryfprojek_Leerders*





# FASE 2: Skryf (30 punte)

## SKRYF: TRANSAKSIONELE TEKS [30]

**Skryf 'n DAGBOEKINSKRYWING ( _____-_____ woorde) oor een van die volgende:**

A. Dagboekinskrywing (vervoermiddels)

Jy het vandag 'n lugballonvaart onderneem. Wat sal jy in jou dagboek hieroor skryf?

OF

B. Dagboekinskrywing (dolfyne)

Vandag was jou eerste dag as vakansiewerker by die dolfinarium. Skryf in jou dagboek oor jou ervaring.

OF

C. Dagboekingskrywing (Mosambiek)


Jy en jou gesin hou vankansie in Mosambiek. Deel vandag se ervaring in jou dagboek.

'N DAGBOEKINSKRYWING:

- Die **datum** word voluit geskryf (bv. Maandag, 10 Januarie 2024)
- Gebruik altyd 'n **aanhef** (bv. Liewe Dagboek)
- Word in **die eerstepersoon** geskryf (gebruik ek, my of ons).
- Fokus op die hoogte- of laagtepunte van die dag.
- Gebruik **emosies** (hartseer, opgewonde, kwaad ens.)
- **Tyd**: Dagboeke word gewoonlik aan die einde van die dag geskryf (jy moet dus verlede tyd gebruik om te skryf oor gebeure wat reeds plaasgevind het en die teenwoordige tyd om oor gevoelens te skryf wat jy ervaar terwyl jy die inskrywing doen.

DAGBOEKINSKRYWING

BEPLANNING:




Skryf jou dagboek eers rofweg. Redigeer en skryf dan jou finale poging.

ROFWERK

| Datum | Aanhef | Inleidingsin |
|---|---|---|
| | | |
| Inhoud | | Slotsin |
| | | |

## HERSIEN EN REDIGEER

**Voeg by**
- Woorde
- Sinne

**Verwyder**
- Onnodige woorde
- Onnodige sinne

**Skuif**
- Woorde en sinne rond
- Gee aandag dat daar n natuurlike vloei van een paragraaf na di volgende is

**Vervang**
- Woorde en sinne
- Dink aan beter sinonieme, beeldspraak, idiome.

**Leestekens**
- Let op die gebruik van hoofletters, kommas, punte, kommapunte, afkappingstekens, aandagstrepe, koppeltekens, klemtekens, kappies, deeltekens, ? en !

**Spelling**
- Maak seker dat ELKE word korrek gespel is
- Gebruik n woordeboek

**Sinsbou**
- Kyk na elke sin se onderwerp, gesegde en direkte/indirekte voorwerp.
- Let op na die korrekte woordorde
- Gebruik voegwoorde waar nodig

**Register, styl en toon**
- Gebruik die gepaste register (formeel, informeel)
- Gebruik figuurlike taal (idiomatiese uitdrukkings, spreekwoorde).

*Bron: DBO Handleiding_Kreatiewe_Skryfprojek_Leerders*

# FINALE DAGBOEKINSKRYWING:



Aantal woorde: _____


Hierdie moet gedurende klastyd voltooi word.
INHANDIGINGSDATUM:
________________



*Vir die onderwyser*

| VOORBEELD RUBRIEK VIR FUNKSIONELE SKRYFWERK (Kort stuk soos 'n plakkaat, infografika, ens.) (Intermediêre Fase) Beskrywings | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **TOTAAL: 30** | **8 - 10** | **5 - 7** | **3 - 4** | **1 - 2** |
| **Korrektheid van formaat en toepaslike lengte; Weerspieël kenmerke van 'n plakkaat** | Foutlose formaat. Voorgeskrewe lengte. | Goeie nakoming van formaat. Toepaslike lengte. | Gedeeltelike nakoming van formaat. Onvanpaste lengte. | Baie beperkte nakoming van formaat. Heeltemal te lank/ veels te kort. |
| | **8 - 10** | **5 - 7** | **3 - 4** | **1 - 2** |
| **Korrekte struktuur, toon, styl, register, spelling, leestekens. Taalgebruik.** | Ten volle toepaslike struktuur en toon. Geïntegreerde variasie van sintipes. Duidelikle en helder taalgebruik met min foute. spelling, grammatika en leestekens. | Oorwegend toepaslike struktuur en toon. Voltooi sin met meestal korrekte gebruik van grammatika, leestekens en spelling Variasie van sinsoorte wat gebruik word. | Gedeeltelik onvanpaste struktuur en toon. Onvolledige, rammelende sinne. 'n Aantal grammatikale, spel- en leestekenfoute.. | Heeltemal onvanpaste struktuur en toon. Swak sinstruktuur, |
| | **8 - 10** | **5 - 7** | **3 - 4** | **1 - 2** |
| **Nakoming van hipotese; Inhoud hou verband met navorsingsbevindinge** | Totale nakoming van onderwerp. | Bereik doel suksesvol. Hou grootliks by die onderwerp. | Bereik doel. Noem die onderwerp, maar bereik nie die doel suksesvol nie. | Slegs geringe verwysing na die onderwerp, maar bereik nie doel nie. |
| **Kommentaar:** | | **Punt:** | **Handtekening:** | **Datum:** |


*Bron: DBO Handleiding_Kreatiewe_Skryfprojek_Leerders*




## NET VIR DIE PRET:

Wat is op jou EMMERSKOPLYS?

Noem 5 dinge wat jy wil doen voor jy 21 is.





# FASE 3: Mondelinge aanbieding (20 punte)

Gebruik jou navorsing en doen 'n mondelinge aanbieding oor die volgende in die klas. Jy moet ______ minute lank praat .

Datum: _________________________

A. Die geskiedenis van 'n vervoermiddel. (Gebruik jou tydlyn).

OF

B. Dolfyne is een van die mens se gunsteling-waterdiere. (Gebruik jou plakkaat).

OF

C. Jy 'n toergids in Mosambiek. Vertel vir die toeriste meer oor Mosambiek. (Gebruik jou plakkaat).

<u>Behou jou klasmaats se aandag deur die volgende:</u>

- Wees goed voorbereid.
- Let op na jou lyftaal en gesigsuitdrukkings.
- Praat hard en duidelik met selfvertroue – nie te vinnig of te stadig nie.
- Maak gebruik van pousering.
- Maak oogkontak.
- Sorg vir 'n treffende begin en einde, en interessante inhoud.
- Humor help altyd.
- Hou by die tyd.
- Jy mag kernwoorde op 'n A5-karton by jou hou vir as jy vashaak.
- Jy sal bepunt word vir jou hulpmiddel(s) ook. (Plakkaat of tydlyn ens.)
- Geniet dit!




*Bron: Illustrasie deur Johann Strauss*

*Vir die onderwyser*

| VOORBEELD RUBRIEK VIR MONDELING (Intermediêre Fase) Beskrywings | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **TOTAAL: 20** | **4-5** | **3** | **2** | **1** |
| **Gehalte van navorsing, Vorm 'n logiese argument** | Indrukwekkende gebruik van bronmateriaal. Weldeurdagte seleksie van materiaal wat lei tot n logiese, oortuigende argument.. | Voldoende bewyse van navorsing. Goeie seleksie van materiaal wat lei tot n aanvaarbare argument | Enkele bewyse van navorsing. Oor die algemeen logiese argumente. 'n Paar logiese argumente. | Gebrekkige navorsing en onvoldoende/irrelevante bronne. Onlogiese argumente wat nie oortuig nie. |
| | **4-5** | **3** | **2** | **1** |
| **Stemgebruik, Toon, volume, uitspraak en artikulasie) Nie-verbale kommunikasie Taalgebruil** | Oorspronklike en inspirerende spreker met uitstekende stembeheer en lyftaal. Uitstekende taalgebruik. | Duidelik 'n bekwame spreker met voldoende stembeheer en lyftaal. Gepaste taalgebruik. | Gemiddelde spreker, soms onhoorbaar, Gebare en lyftaal ondersteun nie die boodskap nie. Gebrekkige taalgebruik. | Onvanpaste register en swak artikulering. Gebare en lyftaal ondersteun nie die boodskap nie/is afwesig. Onvanpaste taalgebruik. |
| | **4-5** | **3** | **2** | **1** |
| **Kontak met die gehoor, selfvertroue** | Merkwaardige selfvertroue en effektiewe kontak met die gehoor. | Demonstreer selfvertroue, maak kontak met die gehoor. | Onbevredigende vertroue en min kontak met die gehoor. | Swak selfvertroue en gehoorkontak. |
| | **4-5** | **3** | **2** | **1** |
| **Gebruik van notas en visuele of ander hulpmiddels** | Uitstekende gebruik van notas en visuele/ ondersteunende hulpmiddels . | Goeie gebruik van notas en visuele/ ondersteunende hulpmiddels | Gereelde verwysing na notas. Sommige visuele/ ondersteunende hulpmiddels word gebruik. | Sleutelkaarte ondoeltreffend gebruik, Geen ondersteunende hulpmiddels nie. |
| Kommentaar: | | | Punt: Handtekening | Datum:: |

*Bron: DBO Handleiding_Kreatiewe_Skryfprojek_Leerders*






- DIE EINDE -